

27 Oktober

Skrifgedeelte: 1 Korintiërs 2:1-5

Julle is My getuies

Jesus sê voor sy hemelvaart: “Julle sal krag ontvang en my getuies wees” (Hand 1:8). Wat beteken dit in vandag se lewe om 'n getuie te wees? Beteken dit om heeldag te kla? Beteken dit om heeldag oor jouself te praat? Getuie-wees is om te praat en te doen.

In vers 1 lees ons hoe Paulus sy getuie-wees uitgeleef het. In vers 1 gaan dit eerstens oor die mondelinge getuienis. Dit gaan dus hier oor ons woorde, dit wat ons elke dag vir mekaar sê. Paulus sê om getuie te wees gaan nie oor hoë woorde wat gebruik word nie. Ons is baiekeer bang om getuies te wees en dan gee ons die volgende redes: Ek kan nie eintlik voor mense praat oor my godsdiens nie of my Bybelkennis is nie so goed nie of ek wonder wie gaan in elk geval na my luister.

Paulus sê egter 'n getuie van Christus praat altyd net oor Christus en hoef nie oor allerhande ander dinge te praat nie (vers 2). Ons sien dat 'n bepaalde gesindheid by Paulus na vore kom (vers 3): “Bewus van my swakheid ...het ek na julle toe gekom.” Dit is wonderlik dat 'n getuie in God se koninkryk juis sterk is as hy swak is. Alleen in nederigheid en volle afhanklikheid van God kan ons ware getuies vir Christus wees.

Vir die wat nog steeds bang is om te getuig, gee God die volgende versekering (vers 4): “Die boodskap wat ek verkondig, het julle oortuig, nie deur geleerdheid en welsprekendheid nie, maar deur die kragtige werking van die Gees.” God belowe dus hier aan elkeen van ons dat Hy ons as sy getuies sal lei deur sy Gees.

Ons as lidmate kan weet dat dit in die wêreld gelukkig nie gaan oor die wysheid van mense nie, maar oor die krag van God (vers 5). Mag ons deur dié krag lewe en elke dag op ons eie unieke maniere getuig met woord en daad.

Sing: Psalm 66:7 Ds W van den Heever (Randfontein-Noord)